

Sing vooraf staande: Psalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed

Psalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Skriflesing: Galasiërs 6

Teks: Galasiërs 6:3; Kategismus Sondag 39

Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself. (Galasiërs 6:3 AFR53)

Ons moet ons aan die gesag van die Here onderwerp, want Hy is

- die ewige God en die enigste Almagtige; en
- Hy is ook die Here wat ons met sy liefde uit die ewige dood van die hel verlos het.

Ons ondersoek in hierdie preek die volgende twee sake:

1. Gesag en die doel van ons skepping

2. Die gesag van God en die liefde

1. Gesag en die doel van ons skepping

Die Bybel sê dat alle dinge deur God, uit God en tot God geskape is.

- Ons is ook deur die Here geskape om Hom te eer en te dien.
- Dit is ook wat die Here Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat ons die Here ons God moet liefhê met ons hele hart, verstand en al ons kragte. Dis die eerste en hoogste doel waarvoor ons geskape is.
- Dit beteken dus dat ons ons ten volle aan die Here moet onderwerp in ons diens aan Hom, en dat ons ons onder geen omstandighede teen sy gesag mag verset nie.

Ons is met ander woorde geskape om onder die gesag van God te bestaan.

- Ons kan nie onder die gesag van ons Skepper uitgaan nie.
- Uit die dinge wat die duiwel gedoen het, en die straf wat oor hom uitgespreek is, is dit tog duidelik dat ons nie teen die gesag van God in opstand mag kom nie.

Hoe ken ons die gesag van God?

- Natuurlik leer ons dit in die eerste plek in die Bybel ken. Die Here openbaar sy gesag in die Bybel in die Tien Gebooie, en in alle uitsprake in die Bybel.
- Verder ook in die geskiedenis wat in die Bybel beskryf word, want dit openbaar hoe God alle gebeurtenisse in alle volke se geskiedenis beplan en uitvoer. Dit is gesag.
- Die Here openbaar sy gesag ook in die natuur.
 - Die seisoene kom en gaan op God se bevel.
 - Met sy almag oefen Hy gesag uit oor reën en winde.
 - Plante groei en blom op sy bevel.
 - Daaruit behoort dit vir ons duidelik te wees dat ons ook, net soos die res van die skepping, onder die gesag van God staan.

Die Here openbaar sy gesag ook in die wette van die land.

- Die Here gebruik in hierdie opsig die regeerders om wette vas te lê, waarmee Hy wil dat die land regeer word.
- Al sou mens nie met die regering saamstem nie, beteken dit nie dat jy sy wette mag verontagsaam nie – dink maar aan die tyd toe die Romeine oor die Jode geregeer het. Jesus het gesê dat die volk aan God moet gee wat Hom toekom, en aan die keiser wat hóm toekom.

Die Here openbaar in Romeine 13 dat ons aan die owerheid gehoorsaam moet wees omdat God aan die owerheid die gesag toeken om die swaard te hanteer.

- Wanneer die owerheid byvoorbeeld die doodstraf uitspreek oor 'n moordenaar, is dit die Here wat hierdie straf oor die oortreder beskik.
- Die Here spreek die straf uit deur die mond van die wetgewer.

Die Here openbaar sy gesag ook in ander vorme van gesag wat oor ons gestel is.

- 'n Voorbeeld is die gesag wat ouers en meerderes moet uitoefen oor kinders en die wat aan hulle ondergeskik gestel word.
- Die gesin is vir die Here die basis van sy kerk.
 - In die gesin word die verbond van die Here gesluit met die ouers en kinders.
 - God gee opdrag dat die ouers hulle kinders tot sy eer binne die verbond moet opvoed.
 - Hy gee ook aan die kinders opdrag om aan hulle ouers gehoorsaam te wees.

Ons kan nou seker vir onself die vraag vra:

- Waarom is ons dan soms so opstandig teen die verskillende vorme van gesag wat die Here oor ons stel?
- Waar kom die probleem vandaan?

As ons wil praat oor gesagsverwerping, moet ons erken dat daar net een voorwaarde is waaronder enige mens die gesag van God sal verwerp, en dit is wanneer hy verwaand word.

As ons oor verwaandheid wil gesels, is daar nie 'n beter voorbeeld om na te verwys as dié van die duiwel nie.

- Hy is 'n skepsel soos ons – al is hy baie hoër as ons geskape.
- Maar hy is die oorsaak van alle sonde, en ook die leier van die eerste sondeval wat in die hemel plaasgevind het.

Die probleem het gedraai rondom die verwerping van gesag.

- Die satan wou hom nie aan God se gesag onderwerp nie, en hy het teen God in opstand gekom.
- Hy wou self God wees.
- Wat hier gebeur het, is dat 'n onderdanige homself hoër geag het as sy meerdere – en dit is presies wat verwaandheid is.

Daarna het die twee sondeval plaasgevind. Dit was die een in die paradys waar die satan die mens tot sonde verlei het.

- *Dieselfde dinge het gebeur as tydens die eerste sondeval – die mens het net soos die duiwel hoogmoedig geraak, en daarteen in verset gekom dat hy hom aan God se gesag moes onderwerp.*

Ons kan nie oor gesag en gehoorsaamheid praat as ons nie ook praat oor die vyfde gebod nie, want dit is die gebod wat oor hierdie dinge handel. Kom ons lees Kategismus Sondag 39 saam om te sien wat ons van die vyfde gebod (gesagsgebod) glo.

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: *Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).*

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21:

Samevattend kan ons dit so stel:

- Alle vorme van gesag wat daar oor ons is, is deur die Here oor ons gestel.
- Daarom moet ek my aan sodanige gesag onderwerp.
- In beginsel onderwerp ek my dus aan die Here as ek my onderwerp aan gesag wat oor my gestel is.

2. Die gesag van God en die liefde

Die gesag van God is geestelik. Daarom is die gesag van die Here nie op dieselfde manier gestruktureer as dié van die wêreld nie.

God alleen dra die hoogste gesag.

- Die Here se gesag kan deur enige een wat God wil, aan jou oorgedra word.
- Enige persoon wat die waarheid praat, en die reg van die Here aan jou voorhou, kan die gesag van die Here aan jou openbaar.

Daarom is dit so belangrik dat die vyfde gebod nooit losgemaak word van die liefdesgebod nie.

- Die liefde gee jou die regte perspektief oor gesag – die manier waarop jy dit uitoefen en ook die manier waarop jy jou daaraan onderwerp.
- Dit laat jou aanvaar wanneer die Here jou vermaan as jy verkeerd is.
- Dit maak ook dat jy nie jou naaste oor sy sondes veroordeel nie, maar dat jy na hom/haar toe gaan en in die liefde van die Here gaan beweeg om op God se bevel met sy sonde te breek.

Daarom het die Here die gesagsgebod ingeklee in die woorde **eer jou vader en jou moeder**.

- Hy kon net sowel gesê het **gehoorsaam jou regering**.
- Maar die Here doen dit nie; Hy gebruik die beeld van die huisgesin – die plek waar mens die grootste mate van onderlinge liefde en onderwerping aan gesag sal verwag.

Kom ons kyk prakties na die effek van hierdie dinge vir ons elkeen: Wat doen die mens wat die gesag van die Here verwerp?

- Hy doen presies wat die satan in die hemel gedoen het toe hy in sonde geval het, en wat die mens toe ook weer in die paradys gedoen het. Hulle het verwaand geraak.
- 'n Verwaande skepsel word sy eie God wat alles en almal voor hom wil laat kniel.
- Enige mens kan net gesag aanvaar as hy God liefhet, en as hy gesag sien as iets wat van God af oor hom beskik word.

Ons ervaar byvoorbeeld die heerlikheid van God se gesag aan die Nagmaaltafel wanneer ons deur Hom verseker word dat Hy self die magte van die hel oor ons vernietig het.

- Veral ook wanneer Hy ons verseker dat sy gesag en almag aan ons die ewige lewe skenk.
- Daarom moet ons ons onderwerp aan sy oproep om ons altyd in gehoorsaamheid en aanbidding aan Hom te onderwerp.

Enige mens loop die gevaar om verwaand te raak en te dink dat hy iets is en dat hy hom dan teen die Here verset.

- Die duiwel het dit gedink.
- Adam en Eva het ook in hierdie versoeking geval – met die gevolg dat alle mense wat na hulle gekom het in sondesmet gebore is.
- Daarom moet ons baie selfverloëning aan die dag lê wanneer ons met gesag te doen kry.

Dit is waarom daar in die gedeelte wat as teksgedeelte gekies is, staan dat as iemand hom verbeel dat hy iets is, hy homself mislei.

- Dis die pad van die duiwel – en daardie pad eindig in die hel.
- Ons mag nie daardie pad loop nie omdat die Here Jesus Christus ons geheilig het met sy kruisdood.

Die kruisdood stel ons eintlik in perspektief voor God.

- Die Here Jesus moes juis die kruisdood sterf omdat Hy daar die toorn moes dra vir al ons sondes.
- Dit sê baie! Dit sê dat ons op ons beste nog so sleg is dat ons strafbaar is as ons gemeet word teen die gesag van God.

Nou moet ons in die gesag van die Here Jesus Christus oor die sondes heers.

- Dit is een van die redes waarom die Here ons onlangs weer aan die Nagmaaltafel bymekaar gehad het, want Hy het ons verseker dat ons die oorwinning van sy Seun ontvang het sodat ons inderdaad oor die sonde kan heers.

Die Here het die sondeval van sowel die satan as van Adam in die Bybel laat neerskryf as openbaring van hoe persone lyk wat teen God se gesag in opstand kom.

- God openbaar ook wat van hulle word sodat ons nie dieselfde pad moet loop nie.
- Ons as God se versoendes, en geheiligdes, moet dus die geregtigheid van God toepas, en ons aan die gesag wat God oor ons stel onderwerp.
- Dit vereis die gawe van onderskeiding en versigtigheid.
- Dit vra liefdevolle verdraagsaamheid teenoor gelowiges wat nie altyd die gesag van God reg beoefen nie.
- Dit vra selfondersoek.

Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 31:19 (p. 147)

19 Bemin die HEER. sy gunsteling! / Hy sal jul nooit verlaat, / maar straf die trotse daad
deur goddelike regsgedinge. / Wees sterk dan, en behoue, / in stille Godsbetroue.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 2 Desember 2012